


'n Soort spel wat nooit eindig nie

Uitgawe 113: Februarie 2026

Beskou jy die beleggingswêreld as 'n soort speletjie? Die meeste kompetisies, toernooie of wedstryde in die lewe — of dit nou skaak, rugby of fietsry is — het 'n begin, 'n duidelike stel reëls, en 'n einde. Iemand wen, iemand verloor. Die telbord gee vir ons die resultaat. Omdat die wedstryd of wedloop eindig, kan besluite ge-optimaliseer word om jou opponent te klop vóór die eindfluitjie blaas, of jy die wenstreep bereik.

Om te spaar vir 'n onvoorsiene gebeurlikheid of jou toekomstige finansiële onafhanklikheid, is nie onderhewig aan daardie selfde reëls nie. Dit lyk dalk in sekere gevalle soos 'n speletjie, want daar is strategie, risiko, sielkunde en vaardigheid, maar daar is nie 'n definitiewe eindpunt nie. Daar is geen fluitjie, geen eindtelling of 'n podium-seremonie nie. Hieronder is Carl Richards se skets van [The Behavior Gap](#). Om na 'n wedstryd te kyk is deel van ons algemene vermaak, maar met spaargeld en beleggingsportefeuljes is daar uiteraard meer op die spel.



'n Deurlopende spel

'n Tennis- of rugbywedstryd deel eienskappe soos 'n vaste tydraamwerk, 'n duidelike wen-verloor uitslag, opponente, en ooreengekome reëls. Om te spaar en vir die toekoms te belê, funksioneer glad nie so nie. Daar is geen vaste (of duidelike) eindpunt nie, en geen gedefinieerde opponent nie, behalwe jyself! Die reëls of veranderlikes (bv. rentekoerse, markstrukture, beleidsveranderinge, belasting en selfs wêreldgebeure) is ook vloeibaar. Die "spel" duur voort gedurende ons lewe en dikwels oor generasies heen. Filosoof James Carse noem hierdie verskil 'n "eindige spel" teenoor 'n "oneindige spel." 'n Wedstryd met 'n einde, word gespeel om te wen. 'n Oneindige spel word gedoen op 'n manier sodat jy kan aanhou speel. Gesonde finansiële beplanning, welvaartbou, en finansiële veerkragtigheid is 'n oneindige spel.

Wat beteken dit dalk om te "wen"?

- **Moenie uitgehaal word nie:** Oorwinning sluit eenvoudige konsepte in, soos om foute te vermy en finansiële ondergang te sistap. Saamgestelde opbrengste werk slegs wanneer jy markskommeling oorleef en Ponzi-skemas vermy. Legendariese belegger Howard Marks beklemtoon om op jou pasoppens te wees wanneer markte eufories raak en Warren Buffett praat gereeld oor [temperament](#) en om ooglopende foute te vermy.
- **Mik vir jou eie vryheid:** Om finansiële te "wen" kan beteken dat jy onafhanklike keuses rakende tydspannering het. Die vermoë om skokke, teleurstellings en onvoorsiene gebeure te hanteer is van kardinale belang. Dit is o.a. die doelwit van spaar vir 'n gebeurlikheidsfonds.
- **Ondersteun dié vir wie jy omgee:** 'n Beleggingsplan strek oor generasies. Jy kan "wen" deur jou kinders of kleinkinders toe te rus om op jou fondasie voort te bou. Jou nalatenskap gee 'n doel aan jou welvaart.

- **Leef met gemoedsrus:** Finansiële spanning was nog altyd deel van ons ervaring. Om te "wen" is nie om onsekerheid te ignoreer nie, maar om veerkragtig genoeg te wees dat dit nie oorheers nie.

Om eerste te probeer eindig

Soos Juan Manuel Fangio, die beroemde Argentynse Formule 1-renjaer, gesê het: "In order to finish first, you first have to finish." In werklikheid is daar nie 'n eerste plek in ons scenario nie. [Om die rykste persoon in die begraafplaas te wees, bied vir jou geen voordeel nie.](#) 'n Fonds van R100 miljoen, of 'n afgetrede persoon met genoeg om met vreugde te leef, kan albei goed eindig as die hulpbronne hul waardes met 'n lewensdoel dien. Om "eerste" te probeer wees, lei dikwels tot korttermyn-doelwitte, oormatige risiko of spekulatiewe gedrag. Dit is presies die soort sielkunde waarteen die ingeligte beleggers ons gereeld waarsku. In hierdie konteks is dit irrelevant om te wen. **Om egter met waardigheid goed te eindig, beteken alles.**

Hoe kan ons dalk goed eindig?

- **Werk met 'n doelwit:** Verstaan hoekom jy welvaart bou, of beskerm. Is dit vir jou eie finansiële vryheid, jou gesin se sekuriteit, of 'n nalatenskap?
- **Verstaan waarskynlikhede:** Niks beëindig die finansiële speletjie vinniger as permanente verlies, of 'n bedrogspul nie. Om op die verdediging te wees is soms deel van om goed te eindig.
- **Respekteer geskiedenis (en die groot denkers voor ons):** Soos Winston Churchill ons herinner, word patrone uit die verlede herhaal. Bestudeer dit — nie om die toekoms met sekerheid te voorspel nie, maar om te keer dat ons onnodige foute herhaal.
- **Hou aan leer en pas aan by die omstandighede:** Soos Charlie Munger aangepas het wanneer die feite verander, moet langtermyn beleggers ook aanpasbaar wees.
- **Balans tussen optimisme en realisme:** Optimisme bou portefeuljes. Realisme beskerm hulle.
- **Prioritiseer welstand bo rykdom:** Om jou lewe te geniet, met goeie verhoudings, en om gesond te wees — dit is die uiteindelijke telbord. Nie om 'n fonds, indeks of 'n ander belegger te klop nie.

Wat dan van goud, of silwer?

Vir sommige kan goud soos 'n aantreklike beleggings-alternatief lyk — 'n "silver bullet". Hou egter die volgende in gedagte: Beleggers kan blootstelling aan goud op verskillende maniere kry, byvoorbeeld deur munte, goud-aandele, of beursverhandelde fondse (ETF's). Indien 'n belegger fisiese goud soos munte hou, is daar gewoonlik ekstra koste soos transaksiefooe en veilige berging. Agente-kommissies op fisiese goud kan tot sowat 6% van die koopprys beloop. Goud lewer ook geen inkomste soos huur, rente of dividende nie — jy is dus uitsluitlik afhanklik van sentiment en die gedrag van groot beleggers soos sentrale banke. Langtermyn-statistiek wys ook dat goud in sekere tydperke nie inflasie as maatstaf klop nie, veral na uitsonderlike prysstygings.

In opsomming

Jou finansiële plan is nie 'n kompetisie om te wen nie; dit is 'n lewenslange reis. Dit maak eintlik nie saak wie eerste eindig nie. **Dit maak wel saak dat jy met waardigheid, genoeg, finansiële gemoedsrus, die vermoë om dié vir wie jy lief is te ondersteun, eindig — en die tevredenheid dat jy die lewenspel wys gespeel het.** Dít is, volgens ons, die kern van om goed te eindig in 'n wedstryd met geen einde nie.